



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2010

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n antwoordeboek van 21 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik deur en volg hulle noukeurig:

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.
3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomste gedek:
Debiteurekontrole en ouderdomsontleding	LU1 Finansiële rekeningkunde AS4 Versoening en vertolking LU2 Bestuursrekeningkunde AS3 Debiteure-invordering LU3 Bestuur van hulpbronne AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe
VRAAG 2: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomste gedek:
Voorraadwaardasie	LU3 Bestuur van hulpbronne AS4 Berekening en waardering van voorrade AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe
VRAAG 3: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomste gedek:
Balansstaat en ouditverslae	LU1 Finansiële rekeningkunde AS1 Konsepte AS5 Voorbereiding en ontleding van finansiële state AS6 Vertolking van ouditverslae LU3 Bestuur van hulpbronne AS5 Etiese kode
VRAAG 4: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomste gedek:
Vervaardiging	LU2 Bestuursrekeningkunde AS2 Eenheidskoste en gelykbreekpunt LU3 Bestuur van hulpbronne AS6 Pas internebeheer-prosesse toe
VRAAG 5: 70 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomste gedek:
Kontantvloeistaat en vertolking	LU1 Finansiële rekeningkunde AS5 Ontleding en vertolking van finansiële state
VRAAG 6: 55 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag:	Leeruitkomste gedek:
Geprojekteerde Inkomstestaat	LU2 Bestuursrekeningkunde AS3 Ontleed en vertolk Geprojekteerde Inkomstestaat LU3 Bestuur van hulpbronne AS3 Bateverkope AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

VRAAG 1**DEBITEUREKONTROLE EN OUDERDOMSONTLEDING (35 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Howie Meubileerders, waarvan Howie Harris die eienaar is. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2010. Daisy Duncan is as die nuwe kredietkontroleerder op 1 Maart 2009 aangestel.

GEVRA:

- 1.1 Hoe kan die voorbereiding van 'n **Debiteure-invorderingskedsule** en **Debiteure-ouderdomsontleding** Howie en Daisy help om debiteure te beheer? (4)
- 1.2 Verwys na Inligting 2 hieronder.
Bereken die verwagte maandelikse invordering van kredietverkope vir Maart 2010 vir insluiting in die Debiteure-invorderingskedsule. Na verwagting sal die totale verkope vir die jaar geëindig 28 Februarie 2011 tot R960 000 styg. (7)
- 1.3 Die saldo op die debiteurekontrolerekening was R42 500 op 1 Maart 2009, die begin van die finansiële jaar en R83 500 op 28 Februarie 2010, die einde van die finansiële jaar.
- Bereken die gemiddelde debiteure-invorderingstermyn (in dae) vir die afgelope finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2010.
 - Verduidelik of Howie hiermee tevrede behoort te wees.
 - Gee 'n rede vir jou mening. (8)
- 1.4 Howie voel dat die beheer oor debiteure nie bevredigend is vandat Daisy in diens geneem is nie. Howie wil hê dat jy aan hom moet rapporteer wat die probleem blyk te wees. Verwys na die Debiteure-ouderdomsontleding (Inligting 3) en die Debiteurekontrolerekening (Inligting 4) wat hieronder voorsien word.
- Verduidelik VIER punte wat jy in jou verslag sal insluit. Jy moet spesifieke inligting uit die Ouderdomsontleding van Debiteure (TWEE punte) en uit die Debiteurekontrolerekening (TWEE punte) aanhaal om jou antwoord te staaf. (12)
- 1.5 Verwys na die koerantberig (Inligting 5).
Hoe sal hierdie regulasies Howie Meubuleerders beïnvloed in die toestaan van krediet aan kliënte? Verduidelik TWEE punte. (4)

INLIGTING:**1. Kredietbeperkings en kredietterme:**

Dit is Howie se besigheidsbeleid om aan debiteure elk R15 000 kredietbeperkings toe te ken. Daar word van hulle verwag om hulle rekeninge binne 30 dae te vereffen.

2. Verkope en invorderings vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010:

- Totale verkope vir die jaar, R840 000
- Verkope het eweredig deur die jaar plaasgevind
- 25% van verkope is vir kontant, die res is op krediet
- 30% van debiteure vereffen hulle rekeninge in dieselfde maand as die verkope-transaksiemaand onderhewig aan 2% korting
- 50% vereffen in die maand ná die verkope-transaksiemaand
- 15% vereffen in die 2^{de} maand ná die verkope-transaksiemaand
- 5% word in die 3^{de} maand ná die verkope-transaksiemaand as oninbaar afgeskryf

3.

DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING OP 28 FEBRUARIE 2010					
Let wel:					
<ul style="list-style-type: none"> • Besigheidsbeleid is om kredietbeperkings teen R15 000 per rekening te stel. • Die kredietterme is 30 dae. 					
Naam	Totaal	Huidig	30 dae	60 dae	60 dae+
K Khoza	15 000	15 000			
M Miller	31 000	12 000	4 000	2 000	13 000
B Bester	9 100			9 100	
P Paulse	11 600	9 200	2 400		
N Ncube	16 800	7 800	5 500	3 500	
	83 500	44 000	11 900	14 600	13 000

4.

DEBITEUREKONTROLEREKENING							
2010 Feb 1	Saldo	a/b	86 500	2010 Feb 28	Bank en korting	KOJ	61 000
Feb 28	Verkope	DJ	52 500		Debiteureafslag	DAJ	3 000
	Bank	KBJ	9 700		Oninbare skulde	AJ	2 000
	Diverse rekeninge (Korting teruggeskryf)	AJ	800		Saldo	o/d	83 500
			149 500				149 500
2010 Maart 1	Saldo	a/b	83 500				

5. **Koerantberig****Meubelverkopers vrees dat Nasionale Kredietwet besigheid sal beperk**

In Junie 2007 het die regering 'n nuwe wet die Nasionale Kredietwet (NKW) bekendgestel, wat streng vereistes stipuleer voordat krediet aan enige kliënt toegestaan word.

Regskenner Neil Nene het gesê, 'Die NKW is ontwerp om verbruikers teen hulleself te beskerm. Voor die implementering van die NKW kon baie besighede doen net wat hulle wil. Hulle het verbruikers aktief aangemoedig om op krediet te koop om die verkoopsvolumes van hulle besighede te verhoog. Nou sal hulle verantwoordelike maatreëls moet toepas voordat hulle kan toelaat dat kliënte nuwe rekenings oopmaak.'

In 'n opname by 20 plaaslike meubelverkopers het die *Daily Views* gevind dat 15 verkopers baie bekommerd was oor die uitwerking van die NKW op hulle besighede. Een van hierdie handelaars, Steve Smits, het gesê klante moet vertrou word om hulle eie besluite te neem oor of hulle dit kan bekostig om hulle skulde te vereffen, en dat die nuwe maatreëls sommige handelaars kan dwing om hulle besighede te sluit.

[*Daily Views*, 20 Februarie 2010]

**HIERDIE BLADSY MOET
BLANKO BLY**

VRAAG 2**VOORRAADWAARDASIE****(45 punte; 25 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Golf Universe, 'n besigheid wat gholfstokke en gholfballe verkoop. Paul Fitt is die eienaar van die besigheid. Die periodieke voorraadstelsel word gebruik.

GEVRA:

- 2.1 Verwys na Inligting 1. Verduidelik kortliks waarom dit toepaslik is dat Paul die EIEU-metode vir gholfstokke, en die geweegegemiddelde-metode vir gholfballe gebruik. (4)
- 2.2 Bereken die waarde van die eindvoorraad vir die twee voorraaditems. Toon ALLE bewerkings deur beide die aantal eenhede en die waarde van die eenhede te gebruik. (15)
- Gholfstokke (gebruik EIEU-metode)
 - Gholfballe (gebruik geweegegemiddelde-metode)
- 2.3 Vir gholfstokke, bereken die volgende: (5)
- Koste van verkope (3)
 - Bruto wins (3)
 - BTW gevra vir klante op gholfstokke verkoop (3)
 - Winsopslag % (3)
- LET WEL: Jy mag 'n Handelsrekening vir gholfstokke opstel om jou te help met die identifisering van hierdie syfers.
- 2.4 Paul vermoed dat hy nie sy voorraad voldoende beheer nie. (6)
- Hy vermoed dat die gholfstokke wat hy verkoop, nie baie gewild onder sy klante is nie.
 - Hy vermoed dat gholfballe gesteel word.
- Haal inligting uit die vraag wat sy vermoedens sal bevestig. Verskaf 'n geskikte berekening in elke geval om jou antwoord te ondersteun. (6)
- 2.5 Paul het jou gevra om 'n vennoot in hierdie besigheid te word. Verduidelik DRIE strategieë wat jy in hierdie besigheid sal wil implementeer indien jy 'n vennoot sou word (jou strategieë moet op spesifieke inligting uit die vraag gebaseer word). (6)

INLIGTING:

1. **Voorraad word volgens die volgende metodes gewaardeer:**
 - Gholfstokke: Eerste-in-eerste-uit-metode (EIEU)
 - Gholfballe: Geweegdegemiddelde-metode
2. **Voorraadwaardering** aan die begin en einde van die rekeningkundige periode:

	Gholfstokke			Gholfballe		
	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde	Aantal eenhede	Per eenheid	Totale waarde
01/03/2010	90	R800	R72 000	1 200	R9,60	R11 520
28/02/2011	205	?	?	550	?	?

3. **Vraggeld, wisselkoerse en invoerbelasting:**

- 3.1 **Gholfstokke:** Die stokke word in Suid-Afrika vervaardig. Vervoerkoste is R50 per gholfstok. 'n Totaal van R15 000 is betaal vir die vervoer van die 300 gholfstokke aangekoop. Vervoerkoste is ingesluit in die beginvoorraadsyfer van R800.
- 3.2 **Gholfballe:** Die balle word uit die VSA ingevoer. Pryse word in VS dollar (\$) gekwoteer. Die wisselkoers was R7,50 = \$1,00 dwarsdeur die jaar. Invoerbelasting word teen 20% van die randwaarde van die aankope gehef. Vervoerkoste word deur die vervaardiger betaal. Koste van invoerbelasting is in die beginvoorraadsyfer van R9,60 ingesluit.

4. **Aankope gedurende die jaar:**

	Gholfstokke			Gholfballe		
	Aantal eenhede	Aankoop-prys per eenheid (Vervoer uitgesluit)	Totale waarde in rand	Aantal eenhede	Aankoopprys per eenheid in VS dollar (Invoerbelasting uitgesluit)	Totale waarde in VS dollar
25/04/2010	75	R750	R56 250	3 000	\$1,00	\$3 000
25/07/2010	75	R800	R60 000	3 000	\$1,20	\$3 600
26/10/2010	75	R900	R67 500	3 000	\$1,20	\$3 600
25/01/2011	75	R900	R67 500	3 000	\$1,60	\$4 800
Totaal	300		R251 250	12 000		\$15 000

5. **Verkope gedurende die jaar: (BTW uitgesluit)**

- **Gholfstokke:** 185 eenhede teen R1 200 elk = R222 000
- **Gholfballe:** 10 500 eenhede teen R19 elk = R199 500

VRAAG 3**BALANSSTAAT EN OUDITVERSLAE****(65 punte; 40 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Kanela Beperk. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2010.

GEVRA:

- 3.1 Gebruik die onderstaande inligting om die Balansstaat op 28 Februarie 2010 op te stel. Alle bewerkings moet in hakies getoon word – die NOTAS tot die finansiële state word NIE verlang nie. (41)
- 3.2 Die besturende direkteur, Jan Kriel, besit tans 45% van die uitgereikte aandele. Die direksie het besluit om die onuitgereikte aandele aan die publiek uit te reik. Jan wil van hierdie geleentheid gebruik maak om beheer oor die maatskappy te verkry.
- 3.2.1 Hoeveel aandele sal hy moet koop om beheer van die maatskappy te verkry? (3)
- 3.2.2 Jan beplan om self die aandele teen pariwaarde te koop sonder om dit aan die publiek te adverteer. Die huidige markprys van 'n aandeel is R3,10. Indien jy 'n aandeelhouer in hierdie maatskappy was, sou jy met hierdie reëling tevrede wees? Verduidelik. (5)
- 3.3 Kanela Beperk het fondse geskenk om 'n hoërskool in die gemeenskap te bou en hulle het aansienlike bedrae spandeer om 'n verwaarloosde rivier en woudgebied op te ruim.
- 3.3.1 Verduidelik waarom dit van groot maatskappye soos Kanela Bpk. verwag word om by sulke projekte betrokke te raak. (3)
- 3.3.2 Verduidelik hoe direkteure hierdie projekte moet aantoon in die jaarlikse verslag wat vir aandeelhouers gepubliseer word. (3)
- 3.4 **ODUITVERSLAG**
- 3.4.1 Wat is die doel van 'n onafhanklike ouditverslag en aan wie word dit geadresseer? (3)
- 3.4.2 Verduidelik die verskil tussen 'n *gekwalfiseerde* en 'n *ongekwalfiseerde* ouditverslag. (4)
- 3.4.3 Die onafhanklike ouditeure wil die verslag kwalifiseer. Gee DRIE gevolge wat dit vir die maatskappy of die direkteure kan inhou. (3)

INLIGTING:

1. Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 1 000 000 gewone aandele van R2,00 pariwaarde elk. Teen 28 Februarie 2009 is 600 000 gewone aandele teen pariwaarde uitgereik. Gedurende die huidige finansiële jaar is 'n verdere 200 000 aandele teen 'n premie van R0,70 elk uitgereik.
2. Die volgende saldo's verskyn in die boeke op 28 Februarie 2010:
 - Grond en geboue teen kosprys, R1 800 000
 - Toerusting teen kosprys, R300 000
 - Krediteurekontrole, R720 000
 - Debiteurekontrole, R530 000
 - Krediteure vir salarisse, R36 000
 - Inkomste ontvangbaar, R24 000
 - Kontant in bank, R66 000
3. Een van die vaste deposito's, R175 000, verval op 30 September 2010. Die res verval in 2012.
4. 'n Lening van R1 500 000 van Easi Bank is oorspronklik op 1 Maart 2008 ontvang. Hierdie lening moet in gelyke paaielemente oor 5 jaar terugbetaal word.
5. Al die toerusting is op dieselfde dag, 1 Oktober 2007, aangekoop. Waardevermindering word teen 20% p.j. op kosprys afgeskryf.
6. Die volgende finansiële aanwysers is van toepassing aan die einde van die finansiële jaar:
 - Die netto batewaarde is R2,58 en die prys op die JEB is R3,10.
 - Die bedryfsverhouding is 1,5 : 1.

VRAAG 4**VERVAARDIGING****(30 punte; 20 minute)**

- 4.1 Jy word voorsien van inligting rakende Pandora Vervaardigers vir die jaar geëindig September 2009. Phillip Pandora is die eienaar van hierdie besigheid. Die besigheid vervaardig twee produkte: tasse en sportsakke.

GEVRA:

- 4.1.1 Identifiseer EEN belangrike item van elk van die volgende in die vervaardigingsbesigheid:
- Fabrieksbokoste
 - Verkoops- en verspreidingskoste
- (2)
- 4.1.2 Bereken die volgende met betrekking tot die tasse vir 2009:
- Die eenheidskoste van produksie
 - Die veranderlike koste per eenheid
- (5)
(3)
- 4.1.3 Bereken die gelykbreekpunt vir die tasse in 2009.
- (5)
- 4.1.4 Identifiseer TWEE koste wat NIE goed beheer is met betrekking tot die tasse gedurende hierdie finansiële jaar nie. Haal toepaslike syfers aan om jou antwoord te staaf. Voorsien in elke geval 'n moontlike oplossing vir hierdie neiging.
- (8)
- 4.1.5 Phillip oorweeg om slegs een produksiereeks in plaas van die huidige twee te vervaardig. Gee aan Philip raad of hy met die vervaardiging van tasse of sportsakke moet voort gaan. Verskaf geskikte syfers uit die vraag om jou antwoord te staaf.
- (7)

INLIGTING:

1.

	Sportsakke (2009)	Tasse (2009)	Tasse (2008)
	Totale koste	Totale koste	Totale koste
Veranderlike koste	R520 000	R660 000	R470 000
Direkte materiaalkoste	R240 000	R330 000	200 000
Direkte arbeidskoste	R160 000	R264 000	240 000
Verkoops- en verspreidingskoste	R120 000	R66 000	30 000
Vaste koste	R280 000	R650 000	R430 000
Administrasiekoste	R60 000	R250 000	220 000
Fabrieksbokoste	R220 000	400 000	210 000
Gelykbreekpunt	1 867 eenhede	?	1 623 eenhede
Verkoopsprys per eenheid	R280,00	R520,00	R500
Aantal eenhede geproduseer	4 000 eenhede	2 500 eenhede	2 000
Aantal bestellings geplaas	4 000 eenhede	3 000 eenhede	2 000

VRAAG 5**KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING****(70 punte; 45 minute)**

Jy word voorsien van inligting rakende Zee Beperk, 'n publieke maatskappy. Die maatskappy het addisionele aandele halfpad deur die jaar op 31 Augustus 2009 uitgereik.

GEVRA:

Bestudeer die inligting voorsien en beantwoord die vrae wat volg:

- 5.1 Stel die Verdelingsrekening op 28 Februarie 2010 op. (11)
- 5.2 Voltooi die Kontantvloeiastaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010. (23)
- 5.3 Bereken die volgende vir 2010:
- 5.3.1 Voorraadomssetsnelheid (4)
 - 5.3.2 Skuld-ekwiteitsverhouding (3)
 - 5.3.3 % opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekuiteit (5)
- 5.4 Die Kontantvloeiastaat toon sekere belangrike besluite wat deur die direkteure gedurende die huidige finansiële jaar geneem is.
- Noem DRIE van hierdie besluite en verduidelik die uitwerking op die maatskappy. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (9)
- 5.5 Een van die direkteure is van mening dat die maatskappy meer van lenings gebruik moet maak. Stem jy saam? Haal TWEE toepaslike finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. (5)
- 5.6 Die direkteure is van mening dat die aandeelhouers tevrede moet wees met die maatskappy se prestasie. Stem jy saam? Lewer kommentaar op die dividende, verdienste en % opbrengs verdien deur die aandeelhouers in die 2010-finansiële jaar. Haal finansiële aanwysers aan (werklike verhoudings of persentasies) om jou kommentaar te ondersteun. (10)

Die volgende finansiële aanwysers is bereken:

	2010	2009
Verdienste per aandeel	23 sent	40 sent
Dividende per aandeel	35 sent	25 sent
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	31,7%	35%
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekuiteit	?	55%
Netto batewaarde per aandeel	61,43 sent	119 sent
Skuld-ekwiteitsverhouding	?	0,5:1

INLIGTING:**1. UITTREKSEL UIT DIE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG
28 FEBRUARIE 2010**

Koste van verkope	R1 330 000
Waardevermindering	56 000
Verkoop van vaste bates (boekwaarde R1 047 000)	0
Rente-uitgawe	(78 750)
Netto wins voor belasting	747 000
Belasting	224 000

2. UITTREKSEL UIT DIE BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2010

	2010	2009
	R	R
Gewone aandeelhouersekwhiteit	1 966 000	768 000
Gewone aandelekapitaal (pariwaarde 50 sent)	1 600 000	700 000
Aandelepremie	200 000	0
Behoue inkomste	166 000	68 000
Langtermynlaste (15% p.j.)	125 000	940 000
Belegging in vaste deposito	80 000	330 000
Voorraad (alle handelsvoorraad)	210 000	175 000
Debiteure	140 000	112 000
Krediteure	142 100	82 250
Bank (gunstige saldo)	?	-
Bankoortrekking	-	922 000
Vaste/Tasbare bates	1 928 600	2 937 600
SAID – Inkomstebelasting	45 000 Dt	17 500 Kt
Aandeelhouders vir dividende	320 000	175 000

VRAAG 6**GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT****(55 punte; 30 minute)**

Jy word voorsien van die Geprojekteerde Inkomstestaat en bykomende inligting met betrekking tot Helen Haarkappers vir die tydperk April tot Junie 2010. Helen Davids is die eienaar van die onderneming. Helen het ook 'n Kontantbegroting vir dieselfde tydperk voorberei. Die finansiële jaar eindig op 31 Maart.

GEVRA:

Beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:

HELEN HAARKAPPERS GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT VIR APRIL TOT JUNIE 2010			
	APRIL	MEI	JUNIE
	R	R	R
Verkope van haarprodukte	87 500	105 000	122 500
Koste van verkope	50 000	60 000	70 000
Bruto wins	37 500	45 000	52 500
Ander bedryfsinkomste	122 000	122 000	162 000
Fooi-inkomste van klante	120 000	120 000	160 000
Diverse inkomste	2 000	2 000	2 000
BEDRYFSUITGAWES	95 350	120 072	127 372
Salaris van haarkapper	25 500	25 500	34 000
Lone van skoonmaker	3 400	3 672	3 672
Huur van perseel	24 600	30 750	30 750
Verbruiksgoedere	14 400	14 400	19 200
Water en elektrisiteit	6 000	6 000	7 000
Telefoon	2 200	2 200	2 200
Advertensies	8 000	15 000	8 000
Voertuiguitgawes	1 400	5 600	5 600
Herstelwerk- en onderhoudskoste van toerusting	3 500	3 500	3 500
Diverse uitgawes	2 300	2 300	2 300
Waardevermindering op voertuie	2 000	9 100	9 100
Waardevermindering op toerusting	2 050	2 050	2 050
BEDRYFSWINS	64 150	46 928	87 128
Rente-inkomste	3 315	0	0
	67 465	46 928	87 128
Rente op lening	750	625	500
NETTO WINS	66 715	46 303	86 628

ADDISIONELE INLIGTING:

1. **Bedryfstak:**
Helen het haar werk in 2004 bedank om hierdie besigheid te begin. Sy het al haar spaargeld van R800 000 in hierdie besigheid belê. Die besigheid stileer (doen) klante se hare. Hulle verkoop ook haarprodukte aan die publiek.
2. **Werkers:**
Helen het drie haarkappers in diens. Sy het beplan om die besigheid uit te brei deur 'n vierde haarkapper vanaf 1 Junie 2010 aan te stel. Sy het ook 'n skoonmaker in diens.
3. **Huur van besigheidspersoneel:**
Die huur word op 'n vaste bedrag per vierkante meter bereken. Sy huur tans 60 vierkante meter, maar sal die vloerruimte vanaf 1 Mei 2010 vergroot as gevolg van uitbreiding.
4. **Vaste deposito:**
Die vaste deposito van R468 000 vir 12 maande sal op 30 April 2010 verval.
5. **Vaste bates:**

	Datum van aankope	Kosprys	Opgehoopte waardevermindering op 31 Maart 2010	Waardeverminderingkoers
Haarkapper-toerusting	1 April 2004	R164 000	R153 750	15% op kosprys
VW Polo	1 Julie 2007	R120 000	R66 000	20% op kosprys
BMW 5-reeks	1 Mei 2010	?	?	20% op kosprys

Helen beplan om die volgende veranderings aan vaste bates te maak:

- Die VW Polo sal deur die besigheid behou word.
- Die nuwe BMW sal op 1 Mei 2010 aangekoop word. 'n Gedeelte van die vaste deposito se fondse sal gebruik word om die voertuig aan te koop.
- Sy beplan om al die haarkappertoerusting op 1 Julie 2010 te vervang. Die ou toerusting sal ingeruil word en die verskil sal deur middel van 'n lening (rentekoers 15%) gefinansier word. Na verwagting sal die inruilwaarde R23 000 wees, terwyl die koste van die nuwe toerusting R402 000 sal beloop.

VRAE:

- 6.1 Verwys na die Geprojekteerde Inkomstestaats om die volgende te identifiseer/bereken:
 - 6.1.1 Die maandelikse salaris wat aan elke haarkapper betaal word (2)
 - 6.1.2 Die % verhoging in lone wat die skoonmaker gedurende die geprojekteerde periode sal ontvang (2)

6.1.3 Die % rentekoers op die vaste deposito (4)

6.1.4 Die huur per vierkante meter en die aantal addisionele vierkante meter wat sy vanaf 1 Mei 2010 sal huur (4)

6.2 As die interne ouditeur vergelyk jy die volgende geprojekteerde syfers met die werklike syfers aan die einde van April. Verskaf VIER opmerkings wat jy in jou interne ouditeursverslag met betrekking tot scenario A, B, C en D hieronder sal insluit.

		Geprojekteer April 2010	Werklik April 2010
A	Telefoon	2 200	4 150
B	Water en elektrisiteit	6 000	4 900
C	Fooi-inkomste	120 000	136 800
	Verbruiksgoedere	14 400	15 120
D	Verkope van haarprodukte	87 500	112 000
	Koste van verkope	50 000	70 000
	Bruto wins	37 500	42 000

(10)

6.3 Helen oorweeg veranderings aan die vaste bates wat deur die besigheid besit word.

6.3.1 Bereken die koste van die nuwe voertuig wat sy beplan om op 1 Mei 2010 aan te koop. (4)

6.3.2 Stel die verwagte bateverkoperekening vir die inruil van die ou haarkappertoerusting op 1 Julie 2010 op. (10)

6.3.3 Noem die invloed wat die volgende uitgawes op die verwagte winste van die besigheid as gevolg van die aankoop van die nuwe toerusting sal hê. Voorsien berekeninge of syfers om jou antwoord te staaf.

- Rente op lening
- Waardevermindering
- Onderhoud

(8)

- 6.3.4 Helen beoog om die besigheidperseel te koop eerder as om die perseel te huur. Verduidelik EEN belangrike **voordeel** en EEN belangrike **nadeel** van hierdie opsie. (2)
- 6.3.5 Verduidelik of Helen verantwoordelik opgetree het or nie in die besluite wat sy geneem het/beplan om te neem, met betrekking tot die toerusting en voertuie. (Sien Addisionele Inligting 5) (4)
- 6.4 Helen is nie seker of sy die regte besluit geneem het toe sy baie jare gelede haar vorige werk bedank het en R800 000 in hierdie besigheid belê het nie. Verwys na die geprojekteerde maandelikse wins vir hierdie tydperk. Gebaseer op hierdie vooruitskattings, wat is jou mening oor die besluit wat Helen gemaak het? Verduidelik. (5)

55

TOTAAL: 300